Bos-Bulletin

# Oor vriendskap, amfi-dienste en perdekarre

## Ons bure en jare-lange vriende, die ATKV, word 90!

Waar anders in die wêreld as in Hartenbos kan jy 'n vakansie-oord en 'n kerk vind wat oorkant die straat van mekaar staan, en ook 'n besonderse noue verhouding koester? Die ATKV het hierdie jaar op 19 Augustus hul 90ste verjaarsdag gevier. Tydens hierdie spesiale geleentheid, herdenk en vier die NG Kerk Hartenbos ook hul spesiale vriendskap met die ATKV.

### Waar alles begin het

Die kerk en die oord kom al 'n lang pad saam. Die ATKV is in 1930 gestig en ses jaar later het die eerste van vele ATKV-oorde in die land op Hartenbos ontstaan. Vandag se kerkgebou, oorkant die straat van die ATKV-kantore, is in 1970 opgerig, maar van die eerste bidure en dienste is in die ATKV se ou hoofkantoor en pawiljoen gehou. Die kerk en die ATKV stap dus al van vroeër as 1940 'n paadjie saam.

### Die geliefde amfi-dienste

Een plek waar die harmonie tussen die kerk en die oord prominent is, is tydens Desembermaande op die amfiteater. Volgens ds. Dawid de Wet laat die ATKV nog altyd die leisels vir die geestelike bediening in die amfi aan die kerk oor wanneer dit kom by eredienste en sprekers. Terselfdertyd maak die kerk dan ook seker dat hulle nie net een groep nie, maar die hele diversiteit van vakansiegangers akkommodeer in hul aanbieding.

"As die mense Desembermaande hiernatoe kom, is dit wat moet gebeur: daar moet 'n diens op die amfi wees," sê Mornay Beukes, Oordbestuurder van die ATKV Hartenbos-oord. Hy verwys natuurlik na die gereelde dienste wat elke jaar op die amfiteater aangebied word, soos die Geloftediens en Kersdiens. Volgens Mornay, kom die vakansiegangers Hartenbos toe om te ontspan en bietjie stoom af te blaas. Maar hulle wil ook, veral op 'n Sondag, 'n geleentheid hê om stil te raak en 'n erediens by te woon. Daar, sê hy, is waar die kerk die ATKV aanvul. "Ek dink dit het al oor die jare soos 'n instelling geraak, die ATKV en die NG Kerk op Hartenbos loop die pad maar saam. Ek wil amper sê die een kan nie sonder die ander een nie."

Mornay se wortels lê ook op Hartenbos. Sy ouers is een van die eerste paartjies wat in die nuwe NG kerkgebou in 1970 getroud is. Mornay is ook, saam met ds. Dawid, een van die beheerraadslede van die Bejaardesorgdiens.

> "Ek dink dit het al oor die jare soos 'n instelling geraak, die ATKV en die NG Kerk op Hartenbos loop die pad maar saam."

Daar is ook verskeie personeellede van die ATKV wat oor die jare heen baie waardevolle rolle gespeel het in die leierskap en kultuur van die kerk. Timon Janssonius, een van die vorige Oordbestuurders, het byvoorbeeld ook op die kerkraad gedien. Die noue band tussen die kerk en die oord is dus vandag nog ook 'n persoonlike een.

Om die waarheid te sê, toe die hoeksteen van die kerk gelê is in 1968, was dit die samewerking van lidmate in die kerk én die besoekers aan die ATKV vakansie-oord wat die oprigting van die kerk moontlik gemaak het.

### Kosbare herinneringe

Die kerk en die ATKV het ook al vermaaklike situasies saam beleef! Ds. Dawid vertel hoe hulle al een Sondagoggend by die kerk aangekom het en die ATKV Museum se perdekarre van oorkant die straat voor die kerkdeur aangetref het.

"Hulle het die goed losgemaak daar, dit was nou studente wat hier was, en die oggend staan hulle toe voor die kerk geparkeer. Toe bel ons vir meneer Geyer, hy was toe nog die bestuurder, toe sê ek ons het nou al vroegoggend besoekers hier by die kerk, maar hulle het met 'n perdekar gekom!"

Ds. Dawid het vir baie jare gedien as direksielid by die ATKV en was direk betrokke by die formulering van hul etiese beleid. Volgens hom, sê dit baie van die ATKV dat hul beleid gegrond is op die Bybel en Christelike beginsels. Dit, meer as enige iets anders, wys waar die ATKV se hart lê en waarom hierdie vriendskap so onbreekbaar is.

"Ons koester hierdie onbeskryflike vennootskap met die ATKV," sê ds. Dawid. "Ons waardeer die voortgesette verhouding en dit wat hulle belê het in die kerk en die gemeenskap oor baie jare. Ons het oneindige waardering daarvoor en wil graag hierdie verhouding nog vir baie jare sien gestalte kry en net van krag tot krag gaan."

Hierdie gegronde vennootskap tussen die ATKV en die kerk het 'n ryk geskiedenis en is beslis ook hier om te bly.

Soos ds. Dawid dit stel: "Ons as gemeente is verbind om ons vennote op die hande te dra en voortdurend vir hulle te bly bid." Ons sê dankie aan die ATKV vir hul vriendskap, en ons wens hulle geluk met 90 jaar!